Kaarte en kaartsimbole*

Siyavula Uploaders

This work is produced by OpenStax-CNX and licensed under the
Creative Commons Attribution License 3.0†

1 AARDRYKSKUNDE

2 Graad 5

3 KAARTWERK

4 Module 1

5 KAARTSIMBOLE EN KAARTE

1.Wat is 'n simbool?

- Onthou jy nog dat voorwerpe anders lyk as jy hulle van die kant af sien as wanneer jy hulle van bo af sien?
- So, byvoorbeeld, is padtekens prentjies van voorwerpe. Ons noem dit SIMBOLE. 'n Kaart is eintlik ook maar net 'n prentjie van wat jy ver onder jou sien as jy hoog bo uit die lug afkyk na die grond.
- Oor baie jare het die mense wat kaarte teken, simbole vir elke afsonderlike voorwerp ontwerp. Hierdie simbole word deur almal erken en het dus dieselfde betekenis vir almal, anders gaan niemand verstaan wat op 'n kaart geteken is nie.
- Hierdie erkende simbole word dan onderaan kaarte aangedui en word die SLEUTEL van die kaart genoem.

6 AKTIWITEIT 1:

7 OM DIE POSISIE VAN PLEKKE OP 'N KAART AAN TE DUI

8 [LU 1.4]

Kom ons kyk na die kaart van die dorpsplan waar Tom woon en probeer dan die vrae wat volg, beantwoord.
TOM SE DORPSPLAN
SleutelBerg/heuwelBomePaaieGeboueSportvelde

*Version 1.1: Jun 20, 2009 2:33 am -0500
†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/



Figure 1

Gestel jy staan by Tom se skool. In watter rigting lê die volgende?

- die heuwel
- die Munisipale sportvelde
- die sportstadion
- die klubhuis
-

Jou onderwyser kan vir jou 'n kaart van jou eie dorp uitdeel. Voorbeelde van sulke dorpsplanne is gewoonlik by jou dorp se munisipaliteit, toeristeburo of die petrolvulstasies beskikbaar.

9 AKTIWITEIT 2:

10 OM 'N EENVOUDIGE SKETSPLAN TE TEKEN

11 [LU 1.4]

Gebruik nou die kennis wat jy sover opgedoen het en teken 'n eenvoudige sketsplan van hoe jy van die skool na jou huis/jou vriend se huis moet ry / loop.

Onthou:

- gebruik kaartsimbole met 'n duidelike sleutel;
- dui straatname aan waar bekend;
- jou plan moet 'n duidelike opskrif hê;
- dui die roete met rooi aan.

12 Assessering

LU 1

AARDRYKSKUNDIGE ONDERSOEK

Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om aardrykskundige en omgewingsbegrippe en -prosesse te ondersoek.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

- bronne met nuttige aardrykskundige inligting kan kies en gebruik;
- inligting kategoriseer;
- sketskaarte en/of planne na aanleiding van veldwaarnemings en afmetings teken;
- 'n indeks gebruik om plekke op wêreldatlaskaarte te vind;

deur projekte, bespreking, debat en diagramme, kennis en begrip van die vraagstuk toon [dra die antwoord oor].

13 Memorandum

13.1 AKTIWITEIT 1

- W/SW
- S
- SO
- N